HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 50 van 2026**

14 April 2026

Geagte Ouers / Voogde

Kwartaal 2 is 'n baie kort en besige kwartaal met 'n onreëlmatige skedule van vankansiedae. Dit is krities belangrik dat leerders elke dag amptelike skooldae sal bywoon. Die Onderwyswet stipuleer baie duidelik dat dit elke ouer/voog se plig is om skoolbywoning op amptelike dae te verseker.

Dit het onder ons aandag gekom dat daar toenemend gevalle is waar leerders tydens die skoolkwartaal as gevolg van vakansiereëlings afwesig is. Ons wil graag hierdie geleentheid gebruik om die skool se standpunt, sowel as die implikasies hiervan, duidelik uiteen te sit. Volgens die voorskrifte van die Departement van Onderwys word afwesigheid tydens skooltyd vir vakansiedoeleindes as 'n ongemotiveerde (ongeldige) afwesigheid beskou. Dit beteken dat leerders wat assesserings, toetse of eksamens as gevolg van sodanige afwesigheid mis, nie outomaties vir 'n hertoets of alternatiewe assessering in aanmerking kom nie.

**Die praktiese gevolg hiervan is dat:**

- gemiste assesserings weens ongemotiveerde afwesigheid as nul (0%) aangeteken word;
- hierdie punte deel van die leerder se kwartaal- en jaarpunt vorm;
- dit 'n beduidende negatiewe invloed op die leerder se akademiese prestasie en moontlike bevordering kan hê.

Ons beklemtoon dat die skool 'n verantwoordelikheid het om billikheid teenoor alle leerders te handhaaf en die integriteit van die assesseringsproses te beskerm. Om uitsonderings te maak in gevalle van ongemotiveerde afwesigheid ondermyn hierdie beginsels.

Ons versoek dat ouers en voogde vakansies en ander reëlings binne die amptelike skoolvakansies beplan.

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband en vertrou dat ons gesamentlik in die beste belang van elke leerder se akademiese sukses sal optree.

Vriendelike Randjiegroete,

| | | |
|---|---|---|
| T. du Plessis | E. Mans | P. Booysen |
| Eksamenkommissaris | Adjunkhoof: Akademie | Skoolhoof |

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za